# ‘n Nuwe oorgawe aan die Here



**2025-11-30**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Jes 64

Jes 64:1 Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig 2 —soos vuur die houtjies aan die brand steek, vuur die water laat opborrel—om u Naam aan u teëstanders bekend te maak, sodat nasies voor u aangesig kan bewe 3 wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie op gehoop het nie—as U maar wou neerdaal, sodat die berge wankel voor u aangesig! 4 Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het ‘n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U. 5 U kom hom tegemoet wat met vreugde geregtigheid beoefen, hulle wat aan U dink op u weë. Kyk, U was toornig, en ons het gesondig; in dié toestand was ons baie lank, en—sal ons verlos word?
6 En ons het almal geword soos ‘n onreine, en al ons geregtighede soos ‘n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.
7 En daar was niemand wat u Naam aangeroep het, wat hom beywer het om U aan te kleef nie; want U het u aangesig vir ons verberg en laat ons wegsmelt deur ons ongeregtighede.
8 Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand. 9 HERE, wees nie uitermate toornig nie, en dink nie vir ewig aan die ongeregtigheid nie; aanskou dit tog dat ons almal u volk is. 10 U heilige stede het ‘n woestyn geword; Sion het ‘n woestyn geword, Jerusalem ‘n wildernis. 11 Ons heilige en heerlike huis waar ons vaders U geloof het, is met vuur verbrand, en al wat vir ons dierbaar was, het ‘n puinhoop geword. 12 HERE, sal U by hierdie dinge U bedwing? Sal U swyg en ons uitermate verdruk?

2

# Verlang na God se teenwoordigheid

Jes 64:1  Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig

- In ons eie lewens neerdaal.
- Die hemele oopmaak oor ons gemeente
- Op aarde
- God se krag



**Wat skei jou van God se teenwoordigheid?**

3

# Verlang na die vuur van die Heilige Gees

Jes 64:2  —soos vuur die houtjies aan die brand steek, vuur die water laat opborrel—om u Naam aan u teëstanders bekend te maak, sodat nasies voor u aangesig kan bewe

- Vuur in ons eie lewens
- Getuienisse te kan wees vir die Here
- Die Evangelie sal versprei soos 'n brand
- Laat God se Naam weer bekend word.



**Brand die vuur van die Heilige Gees nog in jou?**

4

## Deel met sondes

Jes 64:6 En ons het almal geword soos 'n **onreine**, en al ons geregtighede soos 'n **besoedelde** kleed; en ons het almal **verdor** soos blare, en ons ongeregtighede het ons **weggevoer** soos die wind.
Jes 64:7 En daar was **niemand** wat u Naam aangeroep het, wat hom **beywer** het om U aan te kleef nie; want U het u aangesig vir ons verberg en laat ons **wegsmelt** deur ons ongeregtighede.

- Dit verwyder jou van God se teenwoordigheid.
- Dit maak jou onvrymoedig om die Here te aanbid.





5

## Soek en dien die Here

Isa 64:5 U kom hom tegemoet wat met **vreugde** geregtigheid beoefen, hulle wat aan U **dink** op u weë. Kyk, U was toornig, en ons het gesondig; in dié **toestand** was ons baie lank, en—sal ons verlos word?

- Leef jy in geregtigheid met die Here?
- Dink jy nog aan God met 'n hart wat na Hom verlang?
- Dien jy die Here nog met blydskap?
- Dien jy die Here met ywer?



**Wat is die toestand waarin jy is?**

6

# Oorgawe aan die Here

Jes 64:8  Maar nou, HERE, U is ons Vader; **ons is die klei**, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand.  Isa 64:9  HERE, wees nie uitermate toornig nie, en dink nie vir ewig aan die ongeregtigheid nie; aanskou dit tog dat ons almal u volk is.

- Hy is die goeie Vader, selfs in tye wat ons gesondig het.
- Selfs al verdien ons oordeel en die dood.
- Laat Hom toe om die Formeerder te wees.



7